Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek
Borgward Club of South Africa, Southern Region

July 2019

# REGIONAL NEWS/ STREEKNUUS

INSIDE THIS ISSUE

Foreword..............................1
Die Dam van 2019................2
Notule 15/03/2019...........3/4
Concours D' Elegance...........4
Veiling van Classic Cars.........5
Dam 2019 Finale Hoofstuk....4
Pre-War Tour .......................6

## Foreword/Voorwoord

Welcome to this Southern Region News/Suidelike Streeknuus.

Gariep Dam 2019, which took place in March, was a successful event organised by the Southern Region, and we thank those members who attended the event, and send a special thanks to Louis and Rina van Jaarsveld and Basie and Mariëtta Geldenhuys for all their hard work and efforts. They certainly were the main driving force behind this success. A special thanks also to Dolf Tredoux for all his "behind the scenes" arrangements. A big thank you also to Kees, Johan, Basie, Mariëtta and Rina for their donations of products to fill the goody bags.

We are including articles in this Regional News covering the Gariep 2019 gathering and also the changes made to the Concours D' Elegance, for your information.

Kees Beekman and Evert Veenstra recently attended an auction of Classic Cars and we have included an article in this Regional News covering this event, as well as an article about the recent Pre-War Tour in which some of our members participated.

We have recently learned of the passing of Andrew Josephs who was a passionate club member and restorer, and we offer our condolences to his family and to his fellow club members in the Northern Region.

As can be seen in the Meeting Minutes included in this Regional News, the decision has been taken to return to a combined Northern and Southern Region Newsletter/ Nuusbrief, which we look forward to receiving. We will however, continue to communicate with our members in the Southern Region by means of this "Regional News/Streeknuus"

We hope that you find this Regional News/Streeknuus informative and interesting.

**John M^c^Ewan**

## Out & About



Evert Veenstra driving his "Borgward"




Kees Borgward at Gariep

# Die Dam van 2019



Soos met elke dam, kyk ‘n mens altyd lank daarna uit voor die tyd, en as jy jou oë uitvee, is dit al weer verby. Dan is dit weer die 24 maande lang wag tot die volgende dam. Almal wat dam toe gaan met hulle Borgward, gaan die kar altyd goed na vir die langpad wat voorlê - sommige is bevoorreg om dit self te doen, ander moet dit laat doen. En dan is dit so, al word hy hòè goed voorberei, dit bly ‘n ou kar en iets kàn fout gaan. Dit het dan ook gebeur met sowel karre vanaf die noorde asook die suide. Een Borgward moes helaas met ‘n “low bed” teruggestuur word George toe. Vanaf die noorde het ‘n Borgward groot teëspoed gehad sodat hulle eers die Vrydag oggend gearriveer het. Dit het tot gevolg gehad dat die A.G.M. verskuif is van Vrydag oggend na die middag na ete. Skielik was ons toe die Vrydag oggend karre vir Saterdag oggend se concourse. Op die aand van aankomsdag, die Donderdag, het ons ‘n lekker straatbraai gehad waar Noord en Suid weer een geword het rondom die vure en die kospotte. Na die Vrydag se karwas en A.G.M. is ons die aand almal met ons storie-hoede Dassiesaal toe. Daar was alle soorte hoede, van Borgward hoede (een selfs met ‘n vergasser op) tot ‘n “hoed” in die vorm van ‘n baie elegante blom van vere. Liewe Heksie was ook daar met haar “cone” hoed! Nadat ons lekker bobotie met groente en slaaie geëet het, het vàn die hoede hulle stories vertel, terwyl dit buite heerlik gereën het. Daar was snaakse hoede met mooi stories, en daar was mooi hoede met snaakse stories.



Die Saterdag oggend het almal eers hul karre weer droog en blink gevryf na die heerlike reën. Rondom half tien was al die karre met “militêre presisie” opgestel en kon daar met die beoordeling begin word. Vier mans was bykans 3 ure in warm sonskynweer besig om die karre van alle kante, binne, buite engine, kattebak en onderstel te beoordeel en punte toe te ken - voorwaar nie ‘n maklike taak nie! Evert Veenstra het ook vir opwinding gesorg toe hy met sy elektriese “scootmobiel” daar opdaag met ‘n groot Borgward wapen van ‘n Borgward bus voor op sy scooter – die enigste elektriese Borgward scootmobiel in die wêreld! Terwyl die concourse aan die gang was het die res van ons lekker gekuier onder die bome se skaduwee en geniet van die heerlike verversings. Vir die dameskeuse is ‘n baie interessante en mees onpartydige metode gebruik: ‘n Klompie mense wat daar gekamp het, is gevra om die karre deur te kyk en ‘n keuse te maak – die keuse val toe op Basie en Mariëtta se kar. Die Saterdagmiddag was almal baie rustig behalwe die beoordeelaars en die concourse beamptes wat baie hard gewerk het om die beoordeelaars se lyste te verwerk en die sertifikate gereed te kry vir die aand se prysuitdeling. Sommige lede het die middag met 1 Borgward en ‘n gewone kar uitgery Norvalspont toe. Ons kon nie die konsentrasiekamp besoek nie en het toe ‘n lekker lafenissie by die kroeg geniet.



Saterdagaand was die groot aand - die galadinee en die prysuitdeling. Ons het eers weer lekker geëet en gekuier terwyl almal nuuskierig was om te weet hoe sy kar gevaar het. Die aand is dan ook afgesluit met die prysuitdeling. Slegs een kar het gekwalifiseer vir platinum status, nl. die Borgward van Graham Davies – welverdiend! Na ‘n effens korter nagrus is almal vroeg op om te pak en betyds te wees vir die oordenking by die swembad area. Kees en Evert het eers hul lyf koster gehou - Kees het al die stoele van grasperke gaan haal en Evert het hulle drooggemaak sodat die “lidmate” darem kon sit. “Dominee” Kees het die oordenking gelei wat afgesluit is met die sing van “Op berge en in dale”. Daarna het almal mekaar hartlik gegroet en die lang pad huistoe oor berge en dale aangedurf. Nou wag ons vir die Groot 60 jarige fees oor 2 jaar!



**Kees Beekman**

# Notule - Gesamenlike Vergadering 15/03/2019 te Gariep

**NOTULE**

Voorsitter: Louis van Jaarsveld
Ondervoorsitter: Johannes de Villiers
Notule: Willem Kok

1. **Opening en verwelkoming**
Basie Geldenhuys open die vergadering met gebed. Die voorsitter verwelkom almal op die vergadering.

2. **Teenwoordig / Bywoningsregister**
Bywoningsregister is aangeheg.
Die volgende persone het verskoning gemaak:
Hennie Potgieter — Louta Theron
Des Bosch — Hansie Peens
Trevor Jackson — Trevor Byrnes
Grant Hanson
Andrew is teenwoordig by die dam, maar kon nie die vergadering bywoon nie.

3. **Lief en leed**
Oom Louta is siek. Hennie Potgieter se broerskind is ernstig siek en kan nie hier wees nie. Des Bosch het ‘n rugoperasie ondergaan ensy vrou Susan is siek. Louis van Jaarsveld het ‘n prosedure ondergaan en stents ontvang. Graham Davies het ‘n hartomleiding ondergaan.

4. **Notule – 10 Maart 2017**
Die notule word sonder wysiging goedgekeur.
Voorstel: Dirk Engelbrecht
Sekondant: Basie Geldenhuys
Sekondant: Lukas Rautenbach

5. **Ledegelde**
Tans R300,00
Voorstel: Kry die nuusbrief weer op dreef en stel dienste van die klub bekend. Pas ledegeld aan vanaf 1 Augustus 2020 na R330,00 per jaar. In Maart 2021 met die volgende byeenkoms sal die ledegeld weer bespreek word en oor die jaarlikse aanpassing volgens inflasie besin word. Die klub moet jaarliks fakture vir invordering uitstuur en opvolg met oproepe.

6. **Webtuiste**
Danie Tredoux hanteer die Webtuiste in Suid streek. Daar is daagliks tussen 60 en 70 besoeke op webtuiste. Daar word gereeld inligting afgelaai. Die webtuiste is ook aan ‘n facebook blad gekoppel. Die webtuiste is lewendig. Hersien al die kontaknommers en nodige inligting. Louis sal met Danie opvolg en kontaknommers bevestig.
Louis sal ondersoek instel na plakker met webadres op met die oog op adverteer van webtuiste.
Die vergadering spreek waardering uit teenoor Danie Tredoux vir die bestuur van die webtuiste. Die kontakpersoon vir die webblad in die Noorde is Evert Schlünz.

7. **Borgward Handleiding / Werkswinkel handleiding**
Die handleiding is afgehandel. Op 11 Maart 2019 het Herman Engelbrecht en Louis van Jaarsveld ’n afspraak met die drukker gehad. Die handleidings sal binnekort beskikbaar wees. Waardering word uitgespreek teenoor Herman Engelbrecht vir die hele tyd/deurentyd wat hy spandeer het vir die saamstel van die handleiding. Die prys is R150,00 per handleiding. Die vergadering het besluit om aan Herman Engelbrecht op gepaste wyse erkenning te gee. Louis van Jaarsveld, Dirk Engelbrecht, en Pieter Botha sal hieroor gesprek voer.

8. **Nuusbrief**
’n Nuwe voorstel word aan die vergadering voorgelê.
Baie groot waardering word teenoor Amanda Bruce uitgespreek. Sy het oor jare heen hard gewerk en moeite gedoen om ’n nuusbrief die lig te laat sien. Ons vra haar insette en hulp met die opgradering van die “Borgward Nuus”. Pieter Botha hou die voorstel aan die vergadering voor. Louis van Jaarsveld stel dat Amanda dalk nie weer beskikbaar sal wees om te help nie, maar wel raad sal gee. Die Suid Streek onderneem om hulle kant te bring. Evert Schlünz lig die aangehegte voorstel/motivering toe en stel die moontlike formaat van die Borgward Nuus aan die vergadering bekend.
**Gesprek oor bekostiging van nuusbrief**
- Onthou advertensie waarde.
- Maak ruimte vir koop en verkoop.
- Koste bly ’n kopseer.
- Kry borgskappe by mense wat aan jou ’n diens lewer en wie jy ondersteun.
- Wat is die balans tussen harde kopieë en elektroniese nuusbriewe?
- Lede moet ’n opsie hê om ’n harde kopie te bekom. Lede moet eers die koste betaal en kan dan so ’n blad kry.
- Primêre verspreiding moet elektronies wees.

**Besluit:**
Die vergadering besluit om primêr die nuusbrief elektronies volgens die voorgestelde formaat te versprei. Borgskappe kan help om moontlik ’n harde kopie beskikbaar te stel. Die nuusbrief sal ook op die webtuiste verskyn.

Richard Adams - Versekeringspremie - 4% aan klub. Lede kan Richard kontak vir kwotasies.
Selnommer 082 451 7399.

9. **Concours**
9.1 Beoordeling
Pieter Botha stel die voorstelle rondom kategorieë, waardes en ’n beoordeling vorm vir detail beoordeling.
9.2 Klassifikasies
Platinum,Diamant,Goud,Silwer en Brons

9.3 Sertifisering en belonings
Elke persoon wat die byeenkoms bywoon, moet erkenning kry. Elke persoon wie se voertuig 50% of meer kry, ontvang ’n sertifikaat. Sertifikate gaan genommer word en kry dus so ook waarde. Sertifikate is vir 2 jaar geldig. Kan elke 2 jaar gesertifiseer word. Saam met elke sertifikaat gaan ’n trofee. Bo en behalwe die trofeë (prestasie trofeë) sal daar ook’ n motiverings trofeë wees. Dit is vir persone wat bv. mooiste onderstel het, of die verste gery het. Nasionaal of streeksvlak kan die bestuur besluit waarvoor hulle ’n motiveringstrofeë wil gee.

9.4 Die pad vorentoe
9.4.1 Kan motors op streeksvlak weer beoordeel word? Motors wat reeds gesertifiseer is, kan nie weer beoordeel word met ’n streek byeenkoms nie. Motors wat nie nasionaal gesertifiseer is nie, kan plaaslik gesertifiseer word. Sertifisering geld vir twee jaar. Motors wat op streeksvlak gesertifiseer is, kan nie tydens die geldige sertifikaat tydperk op nasionale vlak weer gesertifiseer word nie.

9.4.2 Sertifikate kan enige tyd uitgereik word deur beoordelaars van die klub. (Ad hoc sertifisering).

10. **Assuransie**
Meer inligting moet aan lede deurgegee word insake assuransie. Graham Davies sal die inligting aan Pieter Botha deurgee.

Turn to page 4 / blaai na bladsy 4

# Notule - Gesamenlike Vergadering 15/03/2019 te Gariep - voortgesit van vorige bladsy

11. **Saamtrek 2021 (60 jarige bestaan)**
Voorstelle - beplanning vir 2021. Probeer 60 voertuie bymekaar kry - die spektrum van Borgward fabrikate - moontlike datum 11-15 Maart 2021. Pieter Botha en Louis van Jaarsveld sal die leiding neem ten opsigte van al die reëlings vir 2021. Die twee streke sal saamwerk en lede koöpteer om met reëlings te help.

12. **Onderdele / Tegnies**
12.1 Rubbers – Behoefte aan rubbers vir stasiewaens. Gee bestellings vir Danie Kok (vir skuifvensters en agterdeur se rubbers).
Volledige stelle: 10 stelle word bestel. Daar moet akkurate opname gemaak word van onderdele wat lede nodig het. Tegniese persoon behoort hierdie opname te maak. Gee vir Evert Schlünz behoeftes deur. Albei streke moet deel in die beplanning en vervaardiging van onderdele. Koŏrdinering moet plaasvind. Albei streke moet voordeel trek uit vervaardiging van onderdele.

12.2 Remvloeistof – 6 potjies beskikbaar by Danie Kok. R600,00 per potjie.

12.3 Waterpompe
Kort "casings". Die hele pomp word verbou, "impellers" word nuutgemaak (Recondition). Kontak Des Bosch en Hansie Peens. Daar is ook herboude waterpompe by Thys Botha teen R1 200,00 stuk.

13. **Algemeen**
13.1 Internasionale register
Die vergadering neem kennis daarvan dat sommige eienaars nie hulle motors se inligting wil beskikbaar stel vir opname in 'n register nie. Die vergadering besluit dat die besture inligting sal versamel en met instemming van eienaar sal deurstuur.

14. **Afsluiting**
Die vergadering verdaag.

# Concours D' Elegance—Die Kopskuif is Gemaak

Sedert die vorige byeenkoms by Gariep in 2017 is daar hard gewerk agter die skerms om die nuwe Concours D' Elegance stelsel en alles rondom dit te finaliseer. Baie ure se besprekings, emails en telefoon gesprekke was nodig om die detail deur te trap en konsensus te bereik. Daar is ook gekyk na internasionale tendense. Baie dankie aan Evert Schlunz, Ettienne Geel, Dirk Engelbrecht en Pieter Botha vir hulle harde werk in die verband.

Die beoordeelingsvorm is hersien en elke kategorie is opgedeel in onderafdelings, byvoorbeeld: Bakwerk is opgedeel in Verfwerk; Bakpanele en deure; Chroomwerk; Ruite en rubbers; Ligte en lense. Deur elke onderafdeling apart te beoordeel, kan lede nou presies sien waar hulle punte verloor het. Die standaarde waarna die beoordeelaars kyk is ook ooreengekom nl. Voorkoms/Toestand; Gehalte/Werking en Oorspronklikheid/Outentiekheid m.a.w hoe vergelyk die motor teenoor die dag toe hy die fabriek verlaat het. Hier moet lede daarop let dat die voertuig oorspronklik uitgekom het met 'n eienaars handleiding, wiel- en ander gereedskap in 'n sakkie. Sonder hierdie items is jou motor onvolledig en verloor jy punte. Die beoordeelaars kyk na absoluut alles, behalwe na die kleur van die voertuig. Kleur maak nie saak nie en dit is internasionale praktyk.

Die resultaat van dit alles is 'n omvattende beoordelingsvorm wat gegroei het van 'n totaal van 50 punte tot 700 punte. Die nuwe vorm is finaal in die praktyk getoets tydens die afgelope Concours by Gariep en tans word daar nabetragting gehou om dit meer vaartbelyn te maak.

In 2017 het ons ook weggedoen met alle vorms van wissel trofeë en nuwe maniere moes ondersoek word om erkenning te gee aan lede wat presteer. In die verband is daar ooreengekom dat elke voertuig wat kwalifiseer 'n gestandardiseerde sertifikaat sal ontvang wat die voertuig se status sal bevestig tesame met 'n prestasie trofee. Die sertifikaat is geldig vir twee jaar waarna die motor weer beoordeel moet word. Die prestasie trofee bly die eiendom van die lid. Baie dankie aan Brenda Davies vir die pragtige ontwerp en aan Mariëtta Geldenhuys wat dit so sorgvuldig gedruk het na afloop van die beoordeling.

Bo en behalwe die sertifikate en prestasie trofeë sal alle deelnemers aan 'n Concours ook kwalifiseer vir Motiverings trofeë bv. Motor van die dag, Dameskeuse, Mooiste onderstel, ens. Terwyl die sertifikate en prestasie trofeë 'n vaste instelling is en deel vorm van ons klub se standaarde, word die motiverings trofeë geensins voorgeskryf of gedefinieer nie. Streekbesture kan onafhanklik hieroor besluit en dit kan wissel van byeenkoms tot byeenkoms.

Aangesien sertifikate geldig is vir twee jaar sal dit nie nodig wees om die motors weer te beoordeel by interim streek byeenkomstes nie, behalwe as die motor intussen van gedaante verwissel het en die eienaar wil die motor se status laat hersien. Alle motors teenwoordig kan uitgestal word, maar net dié sonder sertifikate sal beoordeel en gesertifiseer word. Motors met 'n geldige sertifikaat sal nie vir prestasie toekennings in aanmerking kom nie maar wel vir motiverings toekennings. Ons moedig dus alle lede aan om die streekbyeenkomstes asseblief op groot skaal by te woon.

Sertifikate word ook genommer en 'n sentrale register van alle uitreikings sal bygehou word op ons webtuiste. Die resultate van die afgelope Concours verskyn reeds daar en u kan dit opsoek by http://www.borgward.co.za.

**Louis van Jaarsveld.**

# Veiling van Classic Cars

Op Saterdag 25 Mei was daar 'n veiling van klassieke karre in die Paarl. Daar was 33 karre wat onder die hamer gekom het - gelukkig nie letterlik nie! Ons kon die versoeking nie weerstaan om soontoe te gaan nie – nie om te koop nie, maar net nuuskierig om te sien watse karre daar is en waarvoor hulle gaan. Soos ons verwag het was daar nog 'n paar Borgwarders wat om dieselfde rede gekom het. Daar was baie belangstelling, en gewapen met 'n lekker koppie koffie en 'n soetigheidjie asook lekker biltong, kon ons nie wag dat hulle begin nie. Die oudste karre was 'n 1938 Chev Fleetmaster en 'n 1946 Ford Anglia. Die kondisie van die karre het gewissel van swak tot baie netjies. Net 4 karre het 'n reserweprys gehad, al die ander sou gaan teen die hoogte bod. As daar 'n Borgward was, sou dit nog interessanter gewees het.

'n Paar van die meer besonderse karre wat daar was (met die "bodprys" in hakies )was 'n 1968 Triumph Spitfire (R55 000), 'n mooi 1958 Studebaker Hawk (R155 000), 'n 1997 Lotus Elise (R250 000), 'n 1979 Porsche 928 (R110 000), 'n 1976 Alfa Romeo Spider (R160 000), 'n 1960 Austin Healy Sprite MK 1 (R175 000), 'n 1971 Ford Mercury (R155 000), 'n 1958 MGA Coupe (R225 000), 'n mooi 1967 Humber (R45 000), 'n mooi 1950 Pontiac Silver-streak (R85 000), en 'n 1986 Daimler Double Six (R60 000). Dit was 'n interessante oggend en 'n mens kan maar net hoop dat sowel verkoper as koper tevrede daar weg is met dit wat hulle gekry het.

**Kees Beekman**





# Dam 2019 Finale Hoofstuk

Dit is so dat dit n klub aksie is om n suksesvolle dam geleentheid aan te bied , en alle lede word op een of ander wyse betrek.Sekere lede moet die voortou neem en die leisels bymekaar hou. Daar is n paar lede wat met die afgelope aanbieding uit hulle pad gegaan het om n sukses daarvan te maak ,natuurlik moet daar dames betrokke wees anders sou dit maar sukkel .

Daar is gevoel dat daar n gebaar van die klub moet wees om die klub se dank aan hulle te toon. Die dames wat baie gedoen het met die afgelope dam projek was Marietta Geldenhuys en Rina van Jaarsveld. Kort na die dam byeenkoms het ons aan elkeen van hulle n ruiker blomme laat aflewer . Om die gebaar aan die mans te toon was moeiliker maar daar is gevoel iets blywend moet aan hulle oorhandig word .

Vir Dolf Tredoux wat baie werk op die agtergrond gedoen het met alle besprekings en funksie lokale ens asook sy frustrasie met eposse wat nie wou deurgaan nie ,maar ongelukkig nie die geleentheid kon bywoon nie is beloon met n hout Borgward trofee .

Vir Louis van Jaarsveld wat die leiding by die dam geneem het is daar gevoel om iets te gee wat gekoppel is aan sy Borward Coupe . Daar is besluit om n hout Coupe stuurwiel met Duppie se hulp te laat maak met n oorspronklike hoeter uit Johan de Villiers se stoor

Die oorhandiging het plaasgevind op die maandvergadering gedurende Junie 2019 .

Daarmee is die dam projek afgehandel . Dankie aan alle lede wat bereidwillig was om ons te help om n sukses van die geleentheid te maak.

**Hennie Potgieter**



Loius van Jaarsveld, Hennie Potgieter, en Dolf Tredoux






## Pre-War Tour

A number of our Borgward Club Southern Region members recently took part in the Pre-War Tour which was organised by the Sondernonsens Vreetsaam Tour organising committee. This tour was for cars produced before the Second World War.

The members who took part were:

* Graham and Osmond Davies
* Johan and Amanda Bruce
* Laurie and Helmien Claasen
* John and Liz McEwan

The overnight stops for the tour were Hermanus, Swellendam and Montague, with nice easy drives between, giving the participants the opportunity to sightsee and socialize at the many stops which were made along the way.

We all look forward to the next opportunity to tour with our older cars.








## Upcoming Events

- Outing with cars is being arranged - details to follow soon
- 12 August - AGM at the Clubhouse 19h30
- End of year function - to include concours to assist members with any restoration work that they want to undertake on their cars - more details to follow

60th Anniversary of Borgward Club of South Africa will take place in 2021—

Special Gariep gathering 15 April 2021